





# JOHANNES

## Die SpieëlBybel Vertaling

Skrywer; Francois du Toit



## AFRIKAANS JOHANNES 1 - SPIEËLBYBEL

1:1 Om die Logos na te vors tot binne Sy [1]oorsprong is om die [3]wese van die Woord daar te vind [2]van aangesig tot aangesig met God; soos God [3]is so [3]is die Woord. *(In die begin, [1]**arche,** eerste in tyd en rangorde. Die [2]**logos**, [Woord] was "met" God; hier, sowel as in vers 2 gebruik Johannes die voorsetsel [4]**pros**, van aangesig tot aangesig. Driemaal in die sin herhaal hy die imperfekte aktiewe indikatief van die werkwoord [3]**eimi,** naamlik **aen [ἦν]** om te wees, [in the begin 'was' die Woord ensovoorts...] hierdie woord verwys eerder na wese as oorsprong - Ek is! In vers 14 gebruik Johannes die woord **egeneto**, [om gebore te word] in sy verwysing na die ewige bestemming van die Woord om in die liggaam van vlees die beeld en gelykenis van God in menswees vas te lê. Die Woord het vlees geword. Die woord **egeneto**, van **ginomai**, om gebore te word, te genereer. Die Inkarnasie is dus nie die oorsprong van Jesus die Christus nie maar eerder die finale onthulling van die onsigbare Woord wat altyd was, nes God is. Paulus sê in Kolossense 1:15 Hy is die beeld van die onsienlike God. Die onderskeid tussen **eimi** en **ginomai** is duidelik in Johannes 8:58, "Ek **is** [**eimi**] voordat Abraham **was** [**genesthai** van **ginomai**].")*

1:2 Reeds van die begin af was die Woord van aangesig tot aangesig met God; die akurate spieëlbeeld van God se intieme gedagte.

1:3 Die Logos is die Bron; alles het in Hom ontstaan. Die Woord is die oerouer van als wat is. Hy is die oorspronklike Ek is. Die logika van God is die enigste plek waar die mens sy ware herkoms kan ontdek. Daar bestaan geen alternatiewe begin van die mens nie. God is die geldige genesis van elkeen.

1:4 In hom [1]was lewe en die lewe [1]is die lig van die [2]mensdom. Sy lewe [1]was van die begin af die lig wat definisie gee aan menswees. *(Weereens gebruik Johannes die verbuiging van die woord [1]**eimi,** naamlik **aen** [**ἦν**.] Die woord vir mensdom, [2]**anthropos** het twee komponente, die voorsetsel **ana**, wat opwaarts na bo verwys en **tropos**, lewenswyse; persoonlikheid; karakter. Sien Johannes 1:51.*

1:5 En die lig skyn binne-in die duisternis in sonder dat die donker die ligglans in die minste kon [1]beetkry of begryp nie. *(Hier gebruik Johannes die woord [1]**katalambano**, met **kata**, afwaarts na benede, [in teenstelling met die woordjie **ana**;] en **lambano**, om te begryp; te identifiseer; saam met **kata** beteken dit dat die duisternis die lig nie kon beetkry of blus nie. Die mens het in Adam sy*

*verwysing na sy herkoms, waarde, identiteit, onskuld en gesag verloor. In Sy dood betree Jesus die diepste helse duisternis en ellende van die ganse mensdom en bewerk ons ewige bevryding van elke aanspraak van verwerping of veroordeling! Sien Jesaja 9:2-4 ["soos op die dag van Midian!" Rigters 7:19,20], Jesaja 60:1-3, Efesiërs 4:18, Kolossense 1:13-15 asook Efesiërs 4:8-10 Die profetiese skrifte bevestig dat Hy ons as Sy trofee in Sy triomftog tot die hoogste orde van menswees herstel het; Hy het Sy gawe in die mens weer in besit geneem. (Sy beeld en gelykenis; sien Efesieërs 2:6, Psalm 68:18 In Hebreeus lees die skrif,* ***lakachta mattanoth baadam****, "Thou hast taken gifts in man, in Adam. The gifts which Jesus Christ distributes to man he has received in man, in and by virtue of his incarnation." Kommentaar deur Adam Clarke.) Sy triomfantlike opgang bevestig dat Hy geslaag het in Sy missie toe Hy neergedaal het tot die laagste vlak van die ellende waarin die mensdom gedompel was (deur Adam se val. Hy het neergedaal tot op subzero vlak en die mens weer verhef tot die hoogste orde van lewe.) Sy reputasie strek oor alle grense heen; (die Lam en die Leeu is dieselfde Persoon!) Hy gee betekenis en finaliteit aan alles wat is. (In Sy dood smaak Hy ons uiterste vernedering, in Sy opstanding deel ons in Sy hoogste eer.))*

1:6 Intussen was daar 'n man met die naam Johannes *(Jesus se neef),* 'n gestuurde van God;

1:7 sy sending was om die fokus te laat val op die lig wat elke mens sou verlig sodat elkeen deur sy getuienis in dieselfde oortuiging sou deel. *(In sy getuienis verwys Johannes na 'n wassing - die Lam van God wie die sonde [****hamartia** - **ha*** *sonder en* ***meros****, vorm - verwronge beeld] van die wêreld wegneem!)*

1:8 Hy wou juis nie die aandag op homself vestig nie, maar op Hom wie die bron van lig is.

1:9 'n Splinternuwe dag het aangebreek! Die oorspronklike, waaragtige lewenslig wat die hele kosmos en elke mens sou verlig het gekom! *('n Nuwe kalender vier nou die voor- en na-Christus realiteit! Die Inkarnasie moment her-definieer als! Van nou af verplaas lig duisternis vir altyd! Kolossense 1:15; 2:9, 10; 2 Korinthiërs 4:6])*

1:10 Alhoewel dit aanvanklik sou blyk dat niemand Hom herken nie, was Hy nooit 'n onbekende in die kosmos nie; Hy [1]is tog immers in Sy [1]wese onafskeidbaar teenwoordig as die [2]Skepper van die ganse heelal. Dis asof die sluier wat Sy gelykenis in Sy beelddraer, die mens, se denke verduister het Hom verskans het van

die hele kosmos. *(Hy is, [weereens die woordjie* [1]***ἦν*** *van* ***eimi*** *-Ek is] in die kosmos wat deur Hom* [2]*tot stand gekom het;* [2]***egeneto****, van* ***ginomai****.)*

1:11 Dis ook nie asof Hy op 'n vreemde planeet beland het nie - Hy het na Sy eiendom gekom en Sy eie het hom nie as sulks [1]verwelkom nie. *(Psalm 24:1, Die hele aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here. 'n Dief kry nooit eiendomsreg nie! Jesus beklemtoon die waarheid in aldrie gelykenisse in Lukas 15 - die verlore skaap, penning en seun behoort steeds aan die enigste oorspronklike eienaar! Die woord,* [1]***paralambano****, van* ***para****, 'n voorsetsel wat dui op die onmidelike omgewing en invloedsfeer, nabyheid, deelname in eenheid en oorsprong; intieme huisgenootskap; koestering; en* ***lambano****, om te begryp, te identifiseer.)*

1:12 Elkeen wie hul [1]identiteit in Hom [1]besef, deur met [6]oortuiging hul [2]oorpronklike lewe, die lewe van hul ontwerp in Hom te herken, ontdek Sy naam as hul [7]familienaam! In hul binneste [5]gee God die versekering dat die mens Sy [4]geslag is en uit Hom [2]voortgekom het - God self [3]borg die [3]legitimiteit van ons [4]kindskap! *(Die woord wat dikwels vertaal word met 'aanneem' [soos in "almal wat Hom 'aangeneem' het...]* [1]***lambano****, beteken eerder om te besef, te begryp, of te identifiseer mee. Die mens besef nie sy oorspronklike seunskap nie en daarom, redeneer hul dikwels soos kinders van die vlees, of soos Jesus later in gesprek met die Farisieërs praat van 'n voorgeevader - die vader van die leuens! [Johannes 8: 44] Die leuen is die hefboom van duisternis - die gesag van die gevalle denke; die Duiwel,* ***diabolos****, van* ***dia*** *wat beteken deur, of as gevolg van, en* ***ballo****, die val, neerwerping.)*

*Die probleem lê nie by God nie; die regsgeldigheid van Sy eienaarskap en Vaderskap is nooit in die gedrang nie - die onkunde en ongeloof van die mens is die probleem - die massamens besef nie hul* [2]*oorspronklike identiteit nie. Dit is waaroor die verlossing van Jesus Christus gaan! [Jakobus 1:24, Deuteronomium 32:18, Psalm 22:28 "Alle mense oor die hele wêreld sal die Here erken en tot Hom terugkeer. Alle volke sal Hom as koning erken!" Titus 2:11 Die genade van God skitterblink helder soos daglig - die verlossing van die mens is 'n voldonge feit - dit is duidelik 'n afgehandelde saak!]*

*Die woord,* [2]***genesthai****, van* ***ginomai****, beteken om te genereer, om voort te bring; Johannes gebruik hier die aoristus Infinitief vorm van die werkwoord om die klem te laat val op die afgehandelde gebeure. Die Grieks gebruik beide die aoristus sowel as die teenwoordige infinitief. Terwyl die teenwoordige infinitief dui op progressiewe of onafgehandelde aspek, beklemtoon die aoristus infinitief dat die aksie van die werkwoord afgehandel is. Dit is 'n belangrike punt aangesien baie vertalings veronderstel dat God se*

*vermoë om ons Sy kinders te maak afhanklik is van iets wat ons nog moet doen! Besef is groter as besluit - indien die mens deur regte keuses homself kon red sou die wet van Moses ons verlossing wees. Maar die goeie wat ek wil dit kan ek nie, erken Paulus! [Romeine 7:19]*

*Ons besef [lambano] is 'n wakkerword tot die waarheid van ons herkoms en verloste identiteit. Ons Genesis word verklaar in die Logos! Sien ook Handelinge 17:28 en 1 Johannes 5:20*

*Die woord [3]**exousia**, word dikwels vertaal as krag of mag, soos in "Hy het hulle mag gegee om kinders van God te word..." Die woord het weereens twee komponente, [1]**ek**, vanuit, met verwysing na die bron of oorsprong, en [2]**eimi**, ek is! Vanuit Ek is! Hierin lê die legitimiteit en outoriteit van ons seunskap. Die woord [4]**teknon**, verwys na ons kindskap. God [5]gee die versekering van kindskap; die woord [5]**didomi** beteken om te gee; in sommige gevalle soos hier, om iets wat reeds aan iemand behoort terug te gee. Die feit dat die mens nog altyd aan God behoort en dat hul van bo-af gebore is en daarom hul begin en hul wese in Hom het word nou bevestig in hul herontdek en besef daarvan. Die woord [6]**pisteo** beteken om oortuig te wees; [7]Sy naam, **onoma**, is die mensdom se familienaam. [Efesiërs 3:15]*

*"He made to be their true selves, their child-of-God selves." — The Message)*

1:13 Diesulkes ontdek hul genesis in God verby hul vleeslike verwekking in die moederskoot! Hier gaan dit nie meer oor fisiese herkoms en of jy dalk 'n ongewenste kind was of nie! Jou bloedlyn definieer jou nie. Jy is 'n Godgeborene van die begin af! God het jou gewens; Hy het jou gedroom - jy is die blinkste gedagte wat God ooit kon hê! *(οἳ οὐκ ἐξ αἱμάτων, οὐδὲ ἐκ θελήματος σαρκὸς, ο ὐδὲ ἐκ θελήματος ἀνδρὸς, ἀλλ' ἐκ Θεοῦ ἐγεννήθησαν. Sien Jeremia 1:5; 29:11 & Johannes 3:2-7)*

1:14 Dis die oomblik waarop die heelal wag! Die Woord [2]word mens! Die Inkarnasie beteken dat God in Sy Woord [3]woning kom maak het [4]in ons [1]vlees! Die mees akurate tasbare openbaring van God se ewige gedagte vind weer gestalte in menswees. Ons kan ons [5]oë nie van Hom afhou nie! Die mens is God se adres. Skielik is Hy oral en in almal sigbaar! In Hom sien ons die oorspronklike [2]geboorte van die mens gespieël soos in 'n gietvorm! Hy is die bloudruk - die [7]eniggebore Seun - uitsluitlik [8]vanuit die Vader verwek! Die [6]heerlikheid *[wat ons verloor het in die mens Adam]* is in die mens Jesus [9]ten volle [11]onthul; [10]genade en [11]waarheid word [9]volledig verwoord in die Inkarnasie - Hy gee gestalte aan genade en waarheid! *([Καὶ ὁ Λόγος [1]σὰρξ [2]ἐγένετο καὶ [3]ἐσκήνωσεν [4]ἐν ἡμῖν, καὶ [5]ἐθεασάμεθ α τὴν [6]δόξαν αὐτοῦ, δόξαν ὡς [7]μονογενοῦς [8]παρὰ πατρός, [9]πλήρης [10]χάριτος καὶ*

*[11]**ἀληθείας.**] Die [1]vleeswording van die Woord is die sentrale tema van verlossing. In die inleiding tot sy Evangelie gebruik Johannes die woord **egeneto** gereeld; juis om wat hy reeds in vers 1-3 sê, te beklemtoon. **Egeneto** [van **ginomai]** beteken om te genereer, om voort te bring - Die woord wat ewig was is die genesis van als. Die bestemming van die Woord was altyd om [3]woning [[3]**ἐσκή νωσεν]** te maak in menswees! [Genesis 1:26] [3]**ἐσκή νωσεν** van **skēnoo**, om woning te maak; dit herinner aan die Engelse woord 'skin' - die Woord is nommerpas vir die mens. Menswees is God se ewige woning! Dis so jammer dat baie vertalings sê, en 'onder' ons kom woon - terwyl Johannes duidelik sê, die vleesgeworde Woord het [4]**in** ons kom woning maak! Ons kan ons [5]oë nie van Hom afhou nie! [5]**Etheasametha**, van **theaomai**, beteken om te staar; om te betrag! Sy heerlikheid, [6]**doxa**, opinie of indruk; dit wat verwys na elke kwaliteit van die wese en lewe van God - die totaliteit van die goddelike karakter - die groot gedagte; die idee agter als wat is. Die Hebreeuse woord is Kabod, gewig - dit wat gewig gee aan God - die deelname van die mens in hierdie verhouding van die Vader Seun en Gees word juis in heerlikheid bereken! Dit is hierdie 'gewig' van beeld en gelykenis as basis en vertrekpunt tot verhouding waaroor verlossing gaan. Jesus is die [7]**monogenous** [8]**para patros** - eniggeborene - God is die enigste Vader - sonder mense toedoen is Sy saad in Maria verwek! Vanuit die vader - [8]**para patros** - **para** dui op die onmidelike omgewing en invloedsfeer, nabyheid, deelname in eenheid en oorsprong; intieme huisgenootskap; koestering. Vergelyk die rol wat Heilige Gees as sogenaamde "Trooster" in ons vervul as die **parakletos**; **para + kaleo** - noemnaam - oorspronklike identiteit! Die vleeswording van die Woord vier die heerlikheid van God in menswees. [9]**Pleres** [10]**charitos kai** [11]**aletheias -** [10]genade en [11]waarheid word [9]ten volle verwoord in die Inkarnasie. Waarheid, **aletheias**, is letterlik 'n ontsluiering; **a**, negatief en **lanthano**, om verborge te wees.*

*Let opdat vers 14 volg nie vers 2 of 3 nie maar juis op vers 12 en 13. Dit is baie betekenisvol! Genesis 1:26 is herstel! Sien ook 2 Korinthiërs 3:17,18.)*

1:15 Johannes het in sy getuienis aangaande Hom met 'n dringende kreet uitgeroep, "Dit is Hy na wie my profetiese boodskap wys! Hy sou na my op die toneel verskyn maar is in alle opsigte voor my; al is hy jonger as ek wat Sy fisiese [2]geboorte aan betref, rank Hy in Sy persoon en Sy sending ver bokant my in prominensie - nes die Woord, [2]was Jesus nog altyd "[3]Ek is!" *(Letterlik, Hy was [1]voor my oë [2]gebore - betekende, hy is na my gebore; [1]**emprosthen mou** [2]**gegonen** [van **ginomai**] - maar Hy [3]was reeds wie Hy is voor ek daar was; **oti protos mou** [3]**ean [eimi]** - Jesus self*

*getuig later, "Voor Abraham [2]was, [**ginomai**] [3]is Ek! [**eimi**]")*

1:16 Vanuit Hom as die oorvloedige Bron kan elke mens nou in Sy volheid deel - dit is [1]genade waar daar [2]geen genade moontlik was nie! Almal het nou dieselfde voorreg om die volmaakte beeld en gelykenis van God in hulself te besef. *([1]**garin** [2]**anti garitos**, genade teen genade, onverdiende genade. Genade oortref die vloedgolf duisternis wat vir geslagte lank die mens verblind en besig gehou het met sy eie poging om iets te word wat hy reeds klaar was in die lewe van sy ontwerp. Genade oortref die effek van die vrug van die boom wat die mens sou oortuig dat hy nie is wat God gesê het van hom toe Hy Sy beeld in menswees vertoon het nie.*

1:17 Moses verteenwoordig reëls en regulasies wat die veroordeelde stand van die mens beklemtoon, met die wet as basis; maar hier is die goeie nuus, Jesus Christus wys hoe lief God werklik vir die mens is - teenoor die verleentheid van die mens se mislukte pogings onthul Jesus die basis van God se genade en guns. *(Hy gee lyf aan die lewe van ons ontwerp soos in 'n spieël.)*

1:18 Tot op hede was God onsigbaar; nou vertoon die [1]eniggebore, inkarnasieseun, vanuit die boesembinneste van die Vader, die bloudruk van die oorspronklike ontwerp van die mens! Hy is die hoogste gesag om God te verklaar. Hy is ons Herder wat ons lei om die onsigbare God binne-in ons te vertolk. *(Jesus is die [1]**monogenous** - eniggeborene - God is die enigste betrokke party hier - sonder mense toedoen is Sy saad in Maria verwek! Hoogste gesag [2]**eksegesato**, van **ek,** die voorsetsel wat oorsprong aandui en **hegeomai,** die versterkte vorm van **agoo**, om te lei soos 'n herder Sy skape lei; die woord **hegeomai** word gebruik om die amptelike hoedanigheid en gesag van 'n leiersfiguur voor te stel.)*

1:19 Die Jode het 'n afvaardiging priesters en Leviete van Jerusalem gestuur om Johannes die Doper te ondervra; dit is hoe hy reageer het op die vraag, "So wie is jy dan nou eintlik?"

1:20 Sonder huiwering het hy onomwonde verduidelik dat hulle hom nie met die Christus moet verwar nie.

1:21 "Is jy dan die reinkarnasie van Elija?" Waarop Johannes uitdruklik antwoord dat hy definitief nie Elija is nie! "Dan moet jy die Een wees wie Moses gesê het wat sou kom?" Weereens moes Johannes dit baie duidelik stel dat dit nie so is nie. *[Deuteronomium 18:15; Johannes 6:14; Handelinge 3:22]*

1:22 "So wie is jy dan? Wat moet ons namens jou rapporteer? Wat sê jy van jouself?"

1:23  Ek is die stem van een wat dringend roep in die wildernis, soos Jesaja profeteer het, "Maak God se hoofweg gelyk! Sy verskyning is op hande!"

1:24 Die afvaardiging van priesters en Leviete was almal Farisieërs

1:25  "As jy dan nie die Messias of Elija of daardie Profeet wat Moses van gepraat het is nie, waarom die bohaai rondom jou doop?"

1:26 Waarop Johannes antwoord, "Terwyl ek in water doop, staan daar iemand in julle midde wie julle nie herken nie."

1:27 My doop maak die pad vir Hom oop; ek is nie hier om 'n naam vir myself te maak nie; ek sou nie eers kwalifiseer om as slaaf Sy lyfwag te wees om die riempie van Sy sandale los te maak nie.

1:28 Hierdie gesprek het in 'n klein dorpie Bethanië naby die Jordaan plaasgevind.

1:29 Die volgende dag toe Johannes Jesus sien naderkom sê hy, "Kyk met verwondering! Hier is die Lam van God wie die sonde van die kosmos [1]soos 'n skeepsanker van die seebodem sal lig sodat die mensdom vry kan vaar!" *(Dit is totaal ongehoord! Die gedagte dat God nie die wraakgierige, buierige god is van die tipiese godsdiens denke nie, maar dat Hy die Vader van Jesus Christus is, die Skepper van die kosmos, wie die offer van Homself sou gee in Sy Seun; nie om Hom met die sondige mens te versoen nie, maar om die kosmos met Hom te versoen. 2 Korinthiërs 5:19. Die uiteidelike volmaakte offer van sonde sou nooit iets wees wat die mens kon doen of bring om God mee gunstig te probeer beïnvloed nie. Vergifnis is nie onderhandelbaar nie! Dit gaan nie oor God wie na 'n sondebok moet kyk sodat Hy daardeur Sy gemoed kan bevredig om anders oor die sondaar te voel nie - die skokkende skandaal van die kruis is dat die mens gekonfronteer word met die meetlose liefdesinisiatief van die Skepper; Vader Seun en Gees sal tot die uiterste gaan om ons te oortuig van hul ongeveinsde intensie en passie om ons waarde te verklaar. Daarom praat God die uiterste sondeboktaal van die wet, "Aanskou die lam van God!" Die gewig van hierdie stelling ontwapen godsdiens. Skielik is daar niks meer wat die mens kan doen om God te probeer oortuig van hul jammerte oor hul sonde en hul opregte bedoelings om weereens harder te probeer nie - hier is God op die verhoog van die mens se geskiedenis en Hy gee Homself oor om deur Sy kinders vermoor te word sodat Hy daardeur in hul dood kon intree om die angel en mag van die dood en veroordeling vir altyd te breek en daardeur die bedeling van die wet van persoonlike prestasie tot 'n einde te bring. Deur Sy  opstanding uit die dood verklaar God die mens onskuldig! Romeine 4:25 en Handelinge 17:31. Terwyl*

*die wet van werke die mens van sy skuld en tekortkominge oortuig, oortuig genade en waarheid die mens van sy verloste onskuld en identiteit!*

*Die woord [1]**airo**, beteken om op te lig; ophef; spesifiek ook om 'n skeepsanker te lig.)*

1:30 Hy is die een waaroor my lewensmissie gaan; alhoewel Jesus na my gebore is in die vlees, was Hy reeds "Ek is" lank voordat ek op die toneel verskyn het. *(Sien Johannes 1:15)*

1:31 My rol is nie bloot om Hom as [1]my neef voor te stel nie; die doping wat ek doen in water is 'n openbare verklaring aan Israel om Hom as die Messias wie hul profete aangekondig het, bekend te stel. *([1]Ek ken Hom nie; bedoelende dat my kennis van Hom is nie volgens die vlees nie - die feit dat ons neefs is, is nie die basis van my opinie van Hom nie - ek herken Hom as die Messias bloot op grond van die profetiese woord.*

*Selfs al het Johannes uiteraard grootgeword met eersterangse kennis van die dramatiese bonatuurlike gebeure rondom sy eie en Jesus se fisiese geboortes, het hy nie aanspraak gemaak dat sy selfkennis of sy kennis van Jesus enigsins 'n blote oorvertel van opinies of bespiegelinge was nie. Sien Lukas 1:5-80)*

1:32 Daarop maak Johannes hierdie uitspraak, "Ek het met [1]verwondering die Gees soos 'n duif sien neerdaal [2]vanuit die hemelse dimensie om op Hom te [5]rus; om so [3]haar [5]blywende [6]Christus-salwing op Sy lewe te [4]verseël en die hemel en die aarde, die gees en die vlees te [5]verenig in die Christusmens." *(Johannes gebruik die woord [1]**theaomai**, om met verwondering te betrag; gade te slaan; Sien 1 Johannes 4:13,14. Die voorsetsel [2]**ek** verwys altyd na oorsprong; vanuit. Die Griekse woord vir duif, [3]**peristeran** is vroulik. Die Hebreeuse woord vir Gees, **Ruach** is ook 'n vroulike woord. Die voorsetsel [4]**epi** verwys na 'n konstante invloed; om 'n blywende indruk te laat; daarom het ek dit hier vertaal met verseël. Die woord [5]**meno** beteken om aanhoudend teenwoordig te wees in 'n ononderbroke, soomlose eenheid; om te bly.*

*Dit is nie asof die Gees afwesig was in Jesus se lewe tot op hede nie; hierdie was die profetiese oomblik van die Gees se verseëling van Jesus se bediening om daarin ook die getuienis van God vas te maak in die Inkarnasie beeld - Christus teenwoordig in menswees!)*

1:33 Ek het nie ons fisiese verwantskap inag geneem as motivering tot my bediening nie; maar Hy wie my opdrag gegee het om mense geheelenal in water in te doop, het my uitdruklik laat verstaan dat die Een op wie die Gees neerdaal en rus, Hy is die een wie die mens [1]geheelenal in Heilige Gees

[1]deurweek. *(My doping in water is die aankondiging van die Inkarnasie; tog is dit steeds bloot 'n profetiese skadubeeld van dit wat in Sy geesdoping vertolk word, naamlik die volledige insluiting van die mens en daarom hul gesamentlike doping in Sy dood, ter helle neerdaling in sy graf en triomfantlike opstanding en hemelvaart.*

*In die inkarnasie is die profetiese woord onthul; die geskiedenis van die mensdom word onderskep in 'n mens; die godheid word in ons mensheid verenig in die beeldspraak van die waterdoop; hierin verklaar God onomwonde dat Sy deelname in ons menswees is Sy onstuitbare vereniging met ons om as Skepper, gekamofleer in 'n menseliggaam tot in die diepste dimensies van ons helse duisternis en dood neer te daal en die felste aanslag van veroordeling en verwerping tot 'n finale slotsom te bring! Net soos Hy uit die water opgelig is in sy doop sou ons saam met Hom in Sy opstanding lewend gemaak word! Hosea 6:2; Efesiërs 2:5. Die woord [1]**baptizo** van **bapto**, beteken om te doop; te deurweek; te marineer; te oorweldig.)*

1:34 Dit is ook presies wat gebeur het en wat ek sien gebeur het. Daarom kan ek met die grootste vrymoedigheid getuig dat Jesus waarlik die Seun van God is!

1:35 Die volgende dag terwyl Johannes staan en gesels met twee van sy studente,

1:36 sien hulle Jesus verbystap; Johannes het Hom stip aangekyk en weereens met oortuiging en nadruk gesê: "Julle moet dit sien en verstaan! Hier het ons dit met die offerlam van God te doen!" Jesus is God self se ingrype om die mens se onskuld te verlos! *(Die lamtema is die sleutel van die profetiese woord; sien Jesaja 53:7, Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word om geoffer te word as die sondebok van die mens, het Hy Sy mond nie oopgemaak om Homself of Sy eie onskuld te verdedig nie. Geklee in ons vlees en menswees het Hy die uiterste gedoen om in ons straf en elende ingedoop te word en in die misterie van God se meestervolle plan het Hy ons dood en helse duisternis betree en die basis tot vrees, verwerping en skuld vir altyd en vir almal op Homself geneem en die mag daarvan gebreek deur alle owerhede en magte wat die denke van die mens verskans het te ontwapen! Sien Kolossense 2:14,15)*